# DIE LOSKOPING VAN DIE AARDE
# Openbaring 4 - 5

## INLEIDING

Die skepping wat ons kan waarneem openbaar Elohiem wie ons nie kan sien nie. Ons vorm ‘n beeld van Elohiem se almag deur dit wat ons kan sien ….

> Rom. 1:20 Want Sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in **Sy werke** verstaan en duidelik gesien word, naamlik Sy ewige krag en goddelikheid …

Die heel eerste woorde wat ons lees in die Woord is ….

> “In die begin het Elohiem die hemel en die aarde geskape”

Dit is belangrik omdat dit die heel eerste woorde is waarmee Elohiem Homself aan ons openbaar. Johannes beklemtoon dit ook en hy begin sy evangelie so:

> “**IN DIE BEGIN** was die Woord, en die Woord was by Elohiem, en die Woord wàs Elohiem.
> Hy was in die begin by Elohiem.
> **Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het niks ontstaan wat onstaan het nie**
> …. En diè Woord het vlees geword en onder ons gewoon … “ *(Joh. 1:1,3, 14)*

## DIE SKEPPER IS DIE EIENAAR

> Ps. 24:1 … Die aarde **behoort aan JaHUaH** en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon;
> Ps. 24:2 **want** Hy het dit gegrond op die seë en dit vasgestel op die strome.

Ons ken titelaktes as bewys van eienaarskap. JaHUaH/JaHUsha was die Skepper van die aarde en dus die Eienaar daarvan (Joh. 1:3,10, Kol. 1:15 – 17, 1 Kor. 8:6), daarom is Hy die enigste Een wat na vore kan kom as daar na die Houer van die “titelakte” van die aarde gesoek word. Die mens het egter JaHUaH se gedelegeerde heerser van die aarde geword toe Elohiem Adam aangestel het om te heers oor dit wat Hy geskep het, Gen. 1:28.

> Ps. 115:16 Die hemele is hemele vir JaHUaH, maar die aarde het Hy aan die **mensekinders** gegee.

Maar toe Adam gekies het om die Slang te gehoorsaam, het die mens sy regte van heerskappy afgestaan en vir Satan **wettiglik** heerskappy oor die aarde gegee. Die mens was daarna die onderdaan en nie meer die heerser nie.

> Rom. 6:16 Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel **om hom gehoorsaam te wees**, julle **diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is** … ?

JaHUsha is toe gebore as die “Seun van die Mens” en Hy was Sy Vader ten volle gehoorsaam (Joh. 4:34, 17:4, 19:30). Met Sy eerste koms was Hy die Verlosser van die “mens”, maar as Hy weer kom, kom Hy as die “Losser” van die aarde wat Sy eiendom is. As die laaste Adam/Mens sal Hy dan wettiglik die heerskappy van die aarde weer terugneem, soos wat dit eens gedeligeer was aan die eerste Adam.

Matt. 24:29 En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word.
Matt. 24:30 En dan sal die teken van die **Seun van die mens** in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die **Seun van die mens** sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.
Matt. 24:31 En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal Sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan. *(vgl. 1 Thess 4:16 – 17, 1 Kor. 15:52)*

Matt. 24:38 Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het,
Matt. 24:39 en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, **so sal ook die koms van die Seun van die mens wees**.

JaHUsha is Dan. 7 se geprofeteerde "Seun van die Mens" wat koningskap en heerskappy ontvang het. *(Sien: SEUN VAN DIE MENS en "GEGENEREER" EN DIE BEVESTIGING VAN KONINGSKAP)*

Maar voordat dit alles gaan gebeur kom Open. 4 – 5 eers ter sprake waar ons 'n kykie kry na dit wat vooraf plaasvind by die hemelse Troon.

In Open. 1 tot 3 sien Johannes dinge soos wat dit op die aarde afspeel. Daarnà word hy gelei om te sien wat in die hemel afspeel, nl. in die Allerheiligste van die Hemelse Tabernakel, daar waar JaHUaH se Troon is.

**OPENBARING 4**

Open. 4:1 Ná hierdie dinge het ek gesien kyk, 'n geopende deur **in die hemel**, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur.
Open. 4:2 En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan **'n troon in die hemel** en **Een** sit op die troon.
Open. 4:3 En Hy wat daarop sit, het in Sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; en rondom die troon was 'n **reënboog** wat in sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag.

Daar word dan behalwe die reënboog, verder aan beskryf wat nog alles teenwoordig is by die troon. Ons kyk nou na alles afsonderlik.

Die reënboog

Terwyl ons die reënboog van die aarde af sien as die helfte van 'n sirkel, is die beskrywing daarvan in Open. 4:3 'n vol sirkel. Ons sien hiervandaan net ten dele (1 Kor. 13:9 – 13), maar die komplete beeld is in die Hemel.

Die reënboog rondom die Troon herinner aan die Vloed in Noag se tyd. Dit herinner aan beide **oordeel** en **genade** (Gen. 6:7 – 8), want die Vloed was 'n **oordeelsdag** vir daardie era waartydens almal en alles uitgewis is (Gen. 6:13 – 14), **behalwe** vir Noag en almal wat saam met hom op die ark was, (Gen. 6:17 – 18). Die Vloed het die aarde skoongemaak van die reuse (Gen. 6:2), van sonde en die gevolge van sonde en daarna was daar toe 'n **nuwe begin** d.m.v. Noag, sy gesin en die diere wat op die ark was (vgl. Gen. 9:1,7 met Gen. 1:28).

Die reënboog is daarna gegee as 'n **teken van die verbond** van JaHUaH tussen Hom en die aarde en tussen Hom en alle vlees op die aarde (Gen. 9:13 – 17, Jes. 54:9 - 10) dat Hy die aarde nie weer met water sal oordeel nie. Petrus het geskryf dat JaHUaH se volgende oordeel met **vuur** sal wees (2 Pet. 3:5 – 7, 12 - 13).

Die Ouderlinge

> Open. 4:4 En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad.

Die 24 ouderlinge verteenwoordig die 12 aartsvaders van die O.T. en die 12 disippels van die N.T. (vgl. ook Open. 21:12, 14) as die verteenwoordigers van die Skriftuurlike Israel (beide die fisiese en die geestelike as 'n geheel).

Twaalf word as 'n volmaakte getal beskou. Twaalf het te doen met regeringsvolmaaktheid, d.w.s. met soewereine heerskappy. So is daar ook 12 ure wat "heers" in die nag en 12 ure wat "heers" in die dag. Nag en dag maak weer een geheel, soos wat die O.T. en N.T. 'n geheel is.

Daar is 'n siening wat sin maak wat sê dat die getal 12 en enige getal wat deur 12 gedeel kan word, metafories na die volk van Elohiem verwys, d.w.s. na die Skriftuurlike Israel uit alle volke, stamme en nasies, soos hier en ook in Open. 7 met die 144 000.

Weerligte

Daar was **weerligte**, **donderslae en stemme** vanuit die Troon, soos dit wat ook beleef was in Ex. 19:16 by Sinai toe JaHUaH **neergedaal het** op die berg en hoorbaar met die volk gepraat het (vgl Ps. 29:4, 7) toe Hy hulle as Sy eiendomsvolk verklaar het (Ex. 19:5 - 6), sien ook Eseg. 1:13 – 14 en Open. 8:5, 11:19.

Sewe Geeste

Elohiem is Gees, Joh. 4:24. Die **sewe geeste** voor die Troon kom ooreen met JaHUaH se sewevoudige Gees wat in die Tabernakel uitgebeeld is d.m.v. die kandelaar met sewe lampe (vgl. Jes. 11:1 – 2).

Die See van glas

Die "see van glas soos kristal" voor die Troon herinner aan hoe die Israeliete van ouds droogvoets deur die Rooi See uit Egipte kon kom (dit was genade) terwyl dit vir Farao en die Egiptenare 'n dodelike **oordeel** ingehou het. Ons lees ook van die see van glas in Open. 15:2 – 3 waar dit gemeng is met **vuur** en waar die "lied van Moses" en "**die lied van die Lam**" daar gesing word.

Ons moet ook eers uit die Egipte van hierdie wêreld gered word deur ons "geslagte Lam," voordat ons die Hemel as die Beloofde Land sal kan ingaan en daarna sal Elohiem **Sy oordeel** uitstort op Satan as die hedendaagse "Farao" en op die volgelinge van Satan (Open. 16:19, Open. 18).

Die vier lewende wesens

Daar is ook vier lewende wesens by die Troon.

> Open. 4:6 ….. en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter.

Open. 4:7 En die eerste lewende wese was soos 'n **leeu**, en die tweede lewende wese was soos 'n **kalf**, en die derde lewende wese het 'n gesig gehad soos 'n **mens**, en die vierde lewende wese was soos 'n **arend** wat vlieg.
Open. 4:8 En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses **vlerke** gehad, en hulle was rondom en van binne vol **oë**; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Afgesonder, afgesonder, afgesonder is JaHUaH Elohiem, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!

Die lewende wesens is nie soos die ouderlinge is nie, want hulle het nie trone of krone nie. Hulle is vier, want vier is die **getal van die aarde** as Sy **geskape dinge** wat gesien en waargeneem kan word (daar is ook vier seisoene, vier windrigtings, vier elemente, ens.). Maar die aarde is tans aan die nietigheid onderworpe weens die sondeval en moet verlos word.

Rom. 8:20 Want die skepping **is aan die nietigheid onderworpe** nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het
Rom. 8:21 in die hoop dat ook die skepping self **vrygemaak sal word** van die **slawerny van die verganklikheid** tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van Elohiem.
Rom. 8:22 Want ons weet dat die **hele skepping tesame sug** en tesame **in barensnood is** tot nou toe.


Terwyl die vier lewende wesens die skepping by die Troon verteenwoordig, is hulle ook soos **amptenare** by die Troon van Elohiem. Hulle het **baie oë** want as troonamptenare "kyk hulle uit" vir die Troon se belange ten opsigte van die aarde (terloops: teenswoordig het die Teenstander sy eie omgekeerde en gruwelike namaaksels van die lewende wesens as "watchers" wat dikwels op die middeleeuse geboue aangebring is as beelde).

Met die oopmaak van die eerste vier seëls het die vier lewende wesens in volgorde aangekondig dit wat hulle op die aarde sien gebeur het (Open. 6:1 – 8). Een van hulle oorhandig ook die goue skale gevul met die grimmigheid /toorn van Elohiem aan die 7 engele van die skale met die plae (Open. 15:7). Hulle word nie moeg nie, want hulle vereer JaHUaH dag en nag deur te sê …

"Afgesonder, afgesonder, afgesonder is JaHUaH Elohiem, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!" *(Open. 4:8)*

Johannes se lewende wesens het 6 vlerke. Esegiël s'n het 4 vlerke en was vergesel met die Afgesonderde Gees (Eseg. 1:12). Dit het op wiele beweeg wat aandui dat hulle op een of ander missie was volgens JaHUaH se wens, want Hy is bo hulle koppe op die Troon (Eseg. 1:25). In Johannes se gesig is daar nie wiele nie, moontlik omdat dit wat Johannes sien in die hemel is as die permanente tuiste van Elohiem se Troon.

Op die aarde was die vier lewende wesens weerspieël in die kampuitleg van die 12 stamme van Israel as Elohiem se volk. Dit kom ooreen met die vier windrigtings en dan is die Tabernakel met die Verbondsark wat in die Allerheiligste is (waar Elohiem se teenwoordigheid is), in die middel daarvan. Diè prentjie was dus 'n uitbeelding van dit wat ons hier in die hemel sien, want in die aardse Tabernakel het die Verbondsark die Troon van JaHUaH Elohiem verteenwoordig.




Jesaja het hemelse wesens gesien wat 6 vlerke het, maar hy noem dit "serafs" (Jes. 6:1 – 8). Hulle het ook uitgeroep: *"Afgesonder, afgesonder, afgesonder is JaHUaH van die leërskare; die hele aarde is vol van Sy heerlikheid."* Hulle het egter bò die troon gestaan, terwyl Esegiël s'n onder die troon was as ondersteuning van die troon. Johannes s'n was in die middel en rondom die Troon.

In o.a. Eseg. 10:20 word die lewende wesens wat saam met die troon was in die gesig wat Esegiël gehad het, ook bestempel as **gerubs**. Hulle het gegaan waar die troon gegaan het. Daar was ook gerubs wat die Tuin van Eden bewaak het omdat dit die plek was waar Elohiem se heerlikheid is, Gen. 3:24. As 'n heenwysing na die Tuin van Eden was daar gerubs op die gordyn van die tabernakel wat die Allerheiligste afgeskei het van die res van die tabernakel, Ex. 26:31. Daar was ook twee gerubs wat wag gehou het oor die Versoendeksel (as JaHUaH se Genadetroon/"Mercy Seat", Ex. 25:19, 20 en 22), daar waar Sy heerlikheid gemanifesteer het in die aardse tabernakel (1 Sam. 4:4, 2 Sam. 6:2, Jes. 37:16).

<u>Skepping en skepsels vereer JaHUaH by die Troon</u>

Hier in Open. 4 word die Skepper voortdurend by die troon verheerlik deur die 24 ouderlinge (as verteenwoordigers van die Volk van Elohiem) en deur die 4 lewende wesens wat Sy skepping verteenwoordig. Skepping en Skepsel verheerlik hulle Maker.

> Open. 4:8 En die **vier lewende wesens** het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: **Afgesonder, afgesonder, afgesonder is JaHUaH Elohiem, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!**
> Open. 4:9 En elke keer as die lewende wesens heerlikheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe,
> Open. 4:10 val die **vier en twintig ouderlinge** neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê:
> Open. 4:11 **U is waardig, o JaHUaH, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, <u>want U het alles geskape</u> en deur U wil <u>bestaan hulle</u> en is <u>hulle geskape</u>**.

Hierdie verheerliking van die Skepper lei die komende gebeure in, wat die verlossing en die herstel van die heerskappy van die aarde sal meebring. Vanaf Open. 6 is die eerste groot uitspraak van die lewende wesens i.v.m. **die aarde**. Hulle kondig die gebeure aan wat die aarde gaan tref, wat die aarde deur 'n proses van reiniging sal laat gaan, maar eers moet die "loskoping" plaasvind. In Open. 5 lees ons nou verder hoe hierdie proses van die loskoping van die aarde 'n aanvang neem.

**OPENBARING 5**

> Open. 5:1 En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, ‘n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël.
> Open. 5:2 En ek het ‘n sterk engel gesien wat met ‘n groot stem uitroep: **Wie is waardig** om die boek oop te maak en **sy seëls te breek**?

Die Romeinse gebruik in Johannes se tyd was dat belangrike dokumente soos bv. ‘n testament, verseël moes wees met 7 seëls soos wat die testamente van bv. Vespasianus en keiser Augustus skynbaar was. ‘n Skriba sou ‘n lang rol neem en daarop begin skryf, dan ophou skryf en dit wat geskryf is dan eers oprol en dit op daardie plek met was verseël. Dan sal hy verder skryf en die prosedure herhaal totdat daar naderhand 7 seëls sal wees.

Hierdie boekrol in Open. 5:1 is JaHUaH Elohiem se laaste wil i.v.m. die planeet aarde as Sy EIENDOM. Dis ook soos ‘n titelakte van die aarde. Die gebeurtenis is die antitipe van die voorgeskrewe wet in Levitikus aangaande Loskoping/Aflossing van ‘n eindom, wat ‘n “afskynsel” was van hemelse dinge.

> Lev. 25:23 Die grond moet ook nie vir altyd verkoop word nie; want <u>die land is myne</u>, omdat julle vreemdelinge en bywoners **by My is**.
> Lev. 25:24 Daarom moet julle, in die hele land van julle besitting, **lossing van die grond toelaat**.
> Lev. 25:25 As jou broer verarm en van sy besitting verkoop, moet **sy losser** wat **sy nabestaande** is, kom en hy moet los **wat sy broer verkoop het**.

In 2 Kon. 8:1 – 6 is ‘n Ou Testamentiese voorbeeld van die vrou wat weens hongersnood haar grond moes verlaat het, maar dit **weer kon terugkry** op die koning se bevel. Ons lees egter oor die toepassing van die lossingsreg in Rut 3 - 4 en in Jer. 32.

In Jer. 32 word Jeremia gelei om ‘n profetiese loskoping of aflossing te doen om te toon dat die Jode sal terugkom na hulle grondgebied, maar dit was ook profeties en simbolies van die uiteindelike **verlossing** en **vernuwing** van die nou vervloekte aarde.

> Jer. 32:6 En Jeremia het gesê: Die woord van JaHUaH het tot my gekom en gesê:
> Jer. 32:7 Kyk, Hanámeël, die seun van Sallum, jou oom, kom na jou toe met die woorde: Koop vir jou my stuk grond wat in Anatot lê, want **jy het die reg van lossing om te koop**.
> Jer. 32:8 En Hanámeël, die seun van my oom, het na my gekom volgens die woord van JaHUaH in die voorhof van bewaking en vir my gesê: Koop tog my stuk grond wat in Anatot in die land Benjamin lê, want jy het die reg van besit en jy het die lossing; koop dit vir jou. <u>Toe</u> het ek gemerk dat dit die woord van JaHUaH was.
> Jer. 32:9 Daarop het ek van Hanámeël, die seun van my oom, die stuk grond gekoop wat in Anatot lê, en vir hom die geld afgeweeg: sewentien sikkels silwer.
> Jer. 32:10 En ek het dit in die brief geskrywe en dit verseël en getuies geneem en die geld afgeweeg op ‘n weegskaal.
> Jer. 32:11 Toe het ek die koopbrief geneem, die **verseëlde** een—volgens voorskrif en wetlike bepalinge—en die oop een,
> Jer. 32:12 en die koopbrief aan Barug, die seun van Nería, die seun van Magséja, gegee voor die oë van Hanámeël, die seun van my oom, en voor die oë van die getuies wat die koopbrief onderteken het; voor die oë van al die Jode wat in die voorhof van bewaking gesit het;
> Jer. 32:13 en ek het aan Barug voor hulle oë bevel gegee en gesê:

> Jer. 32:14  So spreek JaHUaH van die leërskare, die Elohiem van Israel:  Neem hierdie briewe, hierdie **koopbrief**, die **verseëlde** een sowel as hierdie oop brief, en sit hulle **in 'n erdepot**, dat hulle baie dae kan bly bestaan.
> Jer. 32:15  Want so sê JaHUaH van die leërskare, die Elohiem van Israel:  Daar sal **weer** huise en gronde en wingerde in hierdie land gekoop word.

Jeremia was dus die losser in hierdie gedeelte.  Jeremia beteken o.a. "JaHUaH maak los" of "JaHUaH grondves (bring tot stand)".  Jeremia het die eiendom van sy neef Hanàmeël "losgekoop" in opdrag van JaHUaH.  'n Akte was dan gewoonlik geskryf op 'n perkamentrol, eers van binne, dan as dit nodig is aan die buitekant ook, maar genoeg spasie is gelos om as dit opgerol word, nie skrif aan die buitekant te hê nie.  Dan is dit verseël en aan die buitekant is geskryf watter titelakte dit was, asook wie die getuies was.  Twee geskrifte is gemaak.  Een was verseël en die ander onverseëld, sodat dit beskikbaar kon wees vir besigtiging indien nodig.

Die aktes is daarna aan die koper oorhandig in die teenwoordigheid van getuies.  Dit word deur die koper self bewaar of aan 'n bewaarder oorgegee.  In Jeremia se geval was **die kleipot** die bewaarder. Die kleipot sou nie roes of verrot nie, want dit is gemaak van grond (as verteenwoordigend van die aarde).

Jer. 32 was 'n **tipe** van dit wat afspeel in Open. 4 – 5 waar die Seun van die Mens die "Losser" van die aarde is.  Hy is die skepping se enigste hoop soos wat Boas 'n losser was vir Naomi en Rut.  Hy is die enigste Een wat die aarde kan losmaak uit die Teenstander se hande.

Soos wat Jeremia moes optree as 'n simboliese losser omdat JaHUaH hulle wou verseker het dat Hy Sy volk sou laat terugkom na hulle grondgebied, so is JaHUsha ook die Losser van die aarde/skepping (wat by die Troon verteenwoordig word deur die vier lewende wesens).  Hy sal die aarde/skepping as Sy grondgebied terugneem uit die Vyand se heerskappy.

<u>Die skepping word verteenwoordig by die Troon</u>

Wanneer die lewende wesens hier in Open. 4 JaHUaH loof en aanbid, dan het die 24 ouderlinge dit onmiddellik opgevolg en dieselfde gedoen (vers 9 – 11).  Dis dan verteenwoordigend as die aanbidding van Sy volk en diè van Sy skepping, want die lewende wesens simboliseer dit wat geskape is …

- Die Man  -  Mens/Adam wat aangestel was om oor die skepping te heers
- Die Leeu  -  koning van die wilde diere
- Kalf/os  -  koning van die mak diere
- Arend  -  koning van die voëls

Die 4 lewende wesens beeld aan die anderkant ook JaHUsha as Skepper en Verlosser se veelsydige identiteit uit, soos geopenbaar in die 4 onderskeie evangelies.

- Mattheus  -  die Leeu  -  Koning
- Markus  -  die Kalf  -  Dienskneggestalte/Offerdier
- Lukas  -  die Man  -  Seun van die Mens
- Johannes  -  die Arend  -  Seun van Elohiem

JaHUsha is as die SEUN VAN ELOHIEM die KONING, wat gekom het as die SEUN VAN DIE MENS, om Sy lewe as DIENSKNEG te OFFER as 'n losprys vir die **skepping** en die **skepsels** wat Hy geskape het.

Hierdie lewende wesens het hulle in Open. 4:11 alreeds uitgespreek oor die feit dat JaHUaH die heerlikheid moet ontvang as Skepper ...

> "U is waardig, o JaHUaH, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, **want U het alles geskape** en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape."

Maar nou moet hierdie skepping losgekoop word van die slawerny waarin dit beland het a.g.v. die sondeval (Rom. 8:19 – 22) en hier in Open. 5 is die skepping nou **op die punt** om afgelos of losgekoop te word deur die regmatige persoon, maar wie is geregtig om dit te doen, wie is wettiglik waardig?
<u>Wie is Waardig</u>

> Open. 5:1 En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël.
> Open. 5:2 En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n groot stem uitroep: **Wie is waardig** om **die boek oop te maak** en **sy seëls te breek**?
> Open. 5:3 En NIEMAND in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon die boek oopmaak of daarin kyk nie.
> Open. 5:4 En ek het baie geween, omdat daar **niemand waardig bevind is** om die boek **oop te maak** en te lees of daarin te kyk nie.

Wie is wettiglik die Eienaar of "Houer" van die titelakte en wie is dan die "Losser"? Wie het die mag om die boekrol te neem om sodoende die skepping uit die hand van die vyand te kan loskoop? Die het wet bepaal (Lev. 25:23 – 34) dat net 'n naasbestaande van die eienaar die verlore eiendom mag aflos.

Die aarde behoort aan JaHUaH (Ps. 24:1), maar Hy het die heerskappy aan Adam gedelegeer. Wie is dus die wettige naasbestaande van die eerste Adam? JaHUsha is die Skepper-Eienaar sowel as die naasbestaande van Adam, want Hy is die "**Seun van die Mens**/Adam". Hy het ook alreeds die **aflosprys betaal** met Sy eie bloed (1 Pet. 1:18 – 19) om die aarde of skepping Sy "purchased possession" te maak, soos wat ons as verlostes dit ook is volgens Ef. 1:13 - 14.

<u>Die Loskopingsprosedure</u>

Ons het gesien dat in die O.T. 'n eiendom nie **permanent** vervreem kon word van sy oorspronklike eienaar of diè se erfgenaam, vir 'n periode langer as 50 jaar nie. As die eienaar egter vir 'n rede sou besluit om te verkoop, kon dit afgelos word deur 'n naasbestaande teen die gepaste markverwante prys tot en met die jubeljaar (Lev. 25:8 – 17).

"Om te los" is Strong's H1350 ga'al (gawal), wat beteken*: "to be the next of kin (and such to buy back a relative's property, marry his widow, etc.)". '*n Losser in Hebreeus is: "Go'el".

Dit was die gebruik om aflossing van 'n eiendom in die poort van die stad af te handel. As 'n naasbestaande die eiendom wou aflos, het hy in die poort gaan sit, met 10 mans by hom as getuies. Dan het die voornemende Losser gesê wat hy gaan doen. Die 24 ouerlinge by die troon is hier soos daardie getuies wat in die poort bymekaar gekom het saam met die Losser. In die boek Rut is 'n beskrywing van so 'n aksie (Rut 4:1 – 10).

Toe die sterk engel dan met 'n harde, of 'n "groot" stem in Open. 5:2 vra … ***"wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek"*** … was dit vir die eienaar of naasbestaande Losser die geskikte tyd om te voorskyn te kom.

Maar eers was daar niemand nie. Die Engels sê: "no man". Daar was niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde wat die boek kon oopmaak of daarin kyk nie. Dit was nie vir 'n engel of hemelse wese beskore om dit te doen nie (Heb. 2:5).

Johannes het gehuil toe daar niemand was nie, want hy het geweet as daar niemand was wat dit kon doen nie, sal alle hoop verlore wees dat die skepping verlos kon word, maar sy droefheid was van korte duur toe een van die ouderlinge sê …

> "Moenie ween nie; kyk die **Leeu wat uit die stam van Juda** is, die **wortel van Dawid**, het oorwin om **die boek oop te maak** en sy sewe seëls te breek." *(Open. 5:5)*

JaHUsha was uit die **menslike** geslagslyn van koning Dawid (Gen. 49:9 – 10, Jes. 11:1 – 2) en daarom is Hy die naasbestaande van die eerste Adam (wat na Elohiem se beeld geskape was om te heers) en kon Hy as die Laaste Adam, kwalifiseer as Heerser vir die eiendom. Eers het Hy die aarde gemaak, nou **koop** Hy Sy gedelegeerde eiendom weer terug, vgl. Ps. 2:8.

> "**Eis van My**, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde **as U besitting**."

Johannes sien dus ook 'n "geslagte Lam".

> Open. 5:6 En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n **Lam asof Hy geslag is**, met <u>sewe horings</u> en <u>sewe oë</u>, wat die sewe Geeste van Elohiem is wat uitgestuur is oor die hele aarde.

As die "Leeu uit die stam van Juda" het Hy vir heerskappy oor Sy eiendom gekwalifiseer en as die "geslagte Lam" het Hy reeds die prys vir die eiendom betaal en die dood (as die <u>laaste</u> <u>vyand</u>, 1 Kor. 15:26) oorwin.

Die sewe horings van die Lam simboliseer **algehele mag** (complete power) as die Koning van die konings en Heerser van die heersers (Open. 17:14, 19:16), want 7 verteenwoordig "**perfeksie en kompleetheid**" en horings simboliseer "**mag** en **heerskappy**". Die sewe oë wat die sewe Geeste van Elohiem is, illustreer Sy alomteenwoordigheid, alsiendheid , alwysheid, alwetendheid t.o.v. die aarde.

Diè 2 identiteite van JaHUsha verwys onderskeidelik na JaHUsha se **eerste koms** as Verlosser (die geslagte Lam) en na Sy **wederkoms** (die Leeu uit die stam van Juda) omdat Hy dan openlik gaan heers.

Die Lam wat betaal het (Jes. 53:7, Joh. 1:29, 36, Open. 13:8) was derhalwe toegelaat om die boekrol uit die regterhand van Hom wat op die Troon sit, te neem. Toe het al die losgekooptes die nuwe lied saamgesing …

> **"U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak**, want **U is geslag** en het ons vir Elohiem **met U bloed gekoop** uit elke stam en taal en volk en nasie,
> en het ons konings en priesters vir ons Elohiem gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers." *(Open. 5:9 – 10)*

Die engele en elke skepsel in die hemel en op die aarde en onder die aarde het saam met die verlostes getuig dat "die Lam wat geslag is, waardig is "…

> Open. 5:11 Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van **baie engele** rondom die troon en van die **lewende wesens** en die **ouderlinge**; en hulle getal was tien duisende van tien duisende en duisende van duisende;

Open. 5:12 en met ‘n groot stem het hulle gesê: DIE LAM WAT GESLAG IS, is **waardig** om te ontvang **die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof**.
Open. 5:13 En **elke skepsel** wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: **Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!**
Open. 5:14 En die vier lewende wesens het gesê: Amein! En die vier en twintig ouderlinge het neergeval en Hom aanbid wat lewe tot in alle ewigheid.

JaHUsha as die Skepper-Eienaar sowel as die “Naasbestaande” van Adam, is dus die enigste regmatige Losser terwyl Hy self ook die losprys is.

1 Tim. 2:5 Want daar is een Elohiem en een Middelaar tussen Elohiem en die mense, **DIE MENS** Messias JaHUsha,
1 Tim. 2:6 wat Homself gegee het as ‘n LOSPRYS vir almal, as die getuienis op die **regte tyd**,

<u>Die Boek met die Seëls</u>

Hoewel die losprys betaal is, is die area nog nie ontruim van die huidige heerser (2 Kor. 4:4) nie.

Op dieselfde oomblik as wat die Lam die Troon verlaat het om die Boek te neem, neem die proses van die Lossing ‘n aanvang. Hy het nou die reg om die seëls van die boek te breek en Sy erfenis wat in die Teenstander se hande is, te begin opeis. Die aarde moet weereens “skoongemaak word”, soos met die Vloed. Dit bring vernietiging, verdrukking en die uiteindelike oordeel mee.

Satan ontruim nie gewilliglik nie, maar word uiteindelik in die Poel van Vuur gegooi (Open. 20). Vanaf Open. 6 lees ons dan hoedat spesifieke gebeure plaasvind met elke seël wat gebreek word, wat opgevolg word deur die sewe basuine, wat uiteindelik sal lei na die “nuwe begin”.

Nà die sesde basuin (Open. 9:13 – 21) kom die magtige Engel/Boodskapper in Open. 10:1 - 7 te voorskyn met sy regtervoet op die see, en sy linkervoet op die aarde en word daar uitgeroep: “daar sal **geen tyd** meer wees nie”. Tyd en ruimte het in plek gekom sedert Gen. 1 en as daar dan “geen tyd meer is nie”, is die tydperk van die ewigheid op hande. Die **verborgenheid** van die evangelie van “<u>Messias IN julle</u>” sal dan volbring wees *(vgl. Ef. 3:9, Kol. 1:26 – 28)* wanneer die **openbaarmaking** van JaHUsha as die Gesalfde (Messias) gaan plaasvind.

Open. 10:6 en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar **geen tyd** *(“chronos”)* **meer sal wees nie**; *(chronologiese geprofeteerde tye)*
Open. 10:7 maar in die dae van die stem van die **sewende engel**, wanneer hy met die **basuin sal blaas**, dan is **die verborgenheid** van Elohiem <u>volbring</u>, soos Hy die Blye Tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete.

Waar die Messias eers op ‘n **verborge** manier IN gelowiges tot uiting gekom het (Messias IN julle), gaan Hy dan **publiek geopenbaar word** as die Gesalfde Koning (die Leeu uit die stam van Juda).

**UITEINDELIK**

Nadat al die seëls van die boekrol oopgemaak is en dit deur die basuine opgevolg is wat groot vernietiging en verdrukking meegebring het, sal daar met die blaas van die sewende en laaste basuin groot stemme vanaf die Hemel wees wat bevestig dat JaHUsha **Sy eiendom** wat Hy losgekoop het, in beslag geneem het …

“Die koninkryke van die wêreld het die EIENDOM van ons Meester geword en van Sy Gesalfde *(*Christos/*Messias)* en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid”. *(Open. 11:15)*

Eens was JaHUaH deur Sy volk verwerp as Koning (1 Sam. 8:6 – 7) en in die Nuwe Testament kom JaHUsha as hulle geprofeteerde koning (Sag. 9:9, Joh. 12:12 - 16) en ook Hy word weereens verwerp (Joh. 19:15), maar hier in Open. 11 uiter die 24 ouderlinge by die troon (as verteenwoordigend van JaHUaH se Volk), nou ‘n uitspraak waarin hulle Hom **eer** en **aanbid** as **hulle Koning**.

> Open. 11:16 En die vier en twintig ouderlinge wat voor Elohiem op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en Elohiem aanbid en gesê:
> Open. 11:17 Ons dank U, JaHUaH Elohiem, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U U groot mag **aangeneem** en **as Koning** geheers het.

Hulle kondig ook aan dat daarmee saam Elohiem se toorn gekom het, sowel as Sy beoordeling van die dode en die loon van Sy diensknegte, terwyl die Verbondsark sigbaar gemaak word (vgl. Open. 4 en 5, asook Ex. 19) …

> Open. 11:18 En die nasies was vertoornd, en U **toorn het gekom** en die tyd van die dode om **geoordeel** te word en om die **loon te gee** aan u diensknegte, die profete, en aan die afgesonderdes en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf.
> Open. 11:19 En die tempel van Elohiem het in die hemel oopgegaan, en Sy Verbondsark is in Sy tempel gesien, en daar was **weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael**.

Die sewe engele met die sewe laaste skale (met plae, vgl. Ex. 7 - 11) voltooi dan die proses deur die uitstorting van Elohiem se toorn/grimmigheid (Open. 15:1) totdat die sewende engel, nadat sy skaal uitgegooi was, gesê het: “**Dit is verby**” (Open. 16:17). Babilon val dan (Open. 16:18 -21). Daarna volg die beskrywing van die oordeel van die Hoer van Babilon (Open. 17) en die Klaaglied oor die Val van Babilon (Open. 18).

Al die dinge het een-vir-een begin gebeur a.g.v. die oopmaak van die verseëlde boekrol.

Die Val van Babilon word dan opgevolg deur die oorwinningslied in die hemel by die Troon (Open. 19:1 – 10) waar die 24 ouderling en die vier lewende wesens Elohiem weereens aanbid en ‘n stem dan verklaar dat JaHUaH die Almagtige die koningskap aanvaar het (vgl. ook 1 Kor. 15:23 – 28).

> Open. 19:4 En die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en Elohiem aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amein, Halleluja!
> Open. 19:5 En ‘n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys ons Elohiem, al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot!
> Open. 19:6 En ek het iets gehoor soos die stem van ‘n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want JaHUaH, die Almagtige, **het die koningskap aanvaar**. *(“koningskap opgeneem” volgens die 2020 vertaling)*

Hy het die koningskap van die Leeu van Juda opgeneem (Open. 5:5). Die proses van die aflossing wat in Open. 5 begin het, is dan voltooi en dan volg die bruilofsmaal, opgevolg deur Open. 19:11 – 21 (vgl Ps. 2:9, 1 Kor. 15:25) en dàarna Open. 20 waar daar vanaf die hemel geheers word saam met Messias deur diè aan wie Hy die trone beloof het (Dan. 7:9, Matt. 19:28, Open. 20:4 - 5). Die laaste opruiming van

die aarde vind plaas met die Wittroonoordeel en die Poel van Vuur soos wat Petrus geprofeteer het (2 Pet. 3). Vergelyk ook Mal. 4:1 - 3, Spr. 10:25 en Ps. 37:10 - 11.

Dan volg die **nuwe begin** van Open. 21 – 22, met die Nuwe Hemel en die Nuwe aarde en die Nuwe Jerusalem wat neerdaal. Bestemming is bereik … die Roete terug na Eden is dan voltooi. Die loskoping, opruiming en herinbesitname van die aarde as JaHUaH/JaHUsha se Eiendom is dan afgehandel.

**INTUSSEN**

As die finale aflossing van die aarde dan nou nog toekomstig is, hoe kan ons dan nou reeds oorwinning kry oor die Teenstander en oor die vloek van die sondeval wat oor die aarde gekom het?

Ons neem dit individueel en **persoonlik** in besit deur geloof (Messias IN julle). Ons is as't ware elkeen 'n **kleipot** of **erdekruik** waarin Sy verbondsooreenkoms met ons elkeen individueel, deur Sy Gees **in** ons geberg word. Ons is mos ook soos kleipotte "uit die aarde" gemaak. *(Sien: GAAN AF NA DIE POTTEBAKKER SE HUIS)*

Wanneer ons die versoening van JaHUsha vir onsself persoonlik verstaan en dan daarop vertrou, leef ons deur die geloof met die Afgesonderde Gees in ons as **bewys** van ons eie "loskoping". Dis soos 'n "skat" wat ons binne-in ons dra. Dis "Messias **in** ons", wat 'n pand is, 'n bewys (byna soos 'n titelakte), van die ewige lewe wat ons gaan beërf (2 Kor. 4:10 – 12 en Ef. 1:14).

> 2 Kor. 4:6 Want Elohiem wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn - dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die **heerlikheid van Elohiem** in die aangesig van JaHUsha Messias.
> 2 Kor. 4:7 Maar ons het hierdie **skat in erdekruike**, sodat die voortreflikheid van die **krag van Elohiem** mag wees en nie uit ons nie.
>
> Ef. 1:13 in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, **nadat** julle ook geglo het, verseël is met die **Afgesonderede Gees** van die belofte,
> Ef. 1:14 wat die **onderpand** is van ons erfdeel om Sy EIENDOM te verlos tot lof van sy heerlikheid.

**TEN SLOTTE**

Mens kan nie altyd verdrukking vryspring nie, maar dit is anders met die **toorn** van Elohiem (vgl die sewe skale, Open. 15:1 en 7), want as "Messias IN ons is", kom Hy ons haal met die blaas van die sewende en laaste basuin (Matt. 24:31, Open. 10:7, Open. 11:11 – 15, 1 Kor. 15:52, 1 Thess. 4:16 – 17), vòòrdat die sewe skale met die plae uitgegooi word (Open. 18:4, 8), want ons is nie bestem **vir die toorn nie** (1 Thess. 5:9), omdat …

> "Messias vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Veel meer dan sal ons, nadat ons gereverdig is in Sy bloed, deur Hom **gered word van die toorn**". *(Rom. 5:8 – 9)*

Maar dit is nie waar vir diegene wat nie die Seun in gehoorsaamheid aanvaar het as die Messias nie.

> Joh. 3:36 Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar **die toorn** van Elohiem **bly op hom**.

Daar is egter nou nog 'n Genadetroon (Heb. 4:16). So …

“Vandag, as julle Sy stem hoor, verhard julle harte nie.” *(Heb. 4:7)*

0-0-0-0-0-0

AndriYaH
Augustus 2023